Laerskool Queenswood

Omsendbrief 25

17 Augustus 2011

Geagte Ouers en Voogde

DEPARTEMENTELE BESOEK:
Na afloop van hulle besoek haal ons graag die volgende uit hul verslag aan:
"The teachers' work is outstanding. The teachers' assessment activities/plans, lessons plans are policy compliant. Thank you for your co-operation and team work, keep up the good work."

HERREGISTRASIE VAN LEERDERS:
Ons herinner u net vriendelik aan die vorms wat u moet voltooi en terugstuur na die skool nie later as 22 Augustus 2011 nie. Baie dankie vir u samewerking in hierdie verband.

SKOOLGELD:
Ouers word daaraan herinner om hulle kinders se skoolgelde getrou te betaal. Die skool is afhanklik van u skoolgeld om te kan funksioneer.

LANDLOOPLIGA 4:
Die Gauteng-Noord landloopliga wat verlede Vrydag op ons skoolgronde aangebied is, was 'n reuse sukses. Baie dankie aan almal wat gehelp het. Sonder julle hulp sou ons dit nie kon doen nie.
Baie sterkte aan die landloopatlete wat eerskomende Saterdag aan die AGN-landloop te TUT deelneem.

OPE DAG:
Ons ope dag vir graad RR - graad een vind vandag om 18:00 in die skoolsaal plaas.

SOPSKENKINGS:
Baie dankie aan al die ouers wat sop vir die ope dag geskenk het.

BOBBY VAN JAARSVELD:
Onthou Vrydagaand is dit ***BOBBY!!!*** **HEKKE OPEN OM 17:00!!!**
Naskoolouers neem asseblief kennis dat u die ingang by die Klein Q's sal gebruik om u kind/ers te kom afhaal. Dankie by voorbaat.

STADSAALOPTREDE:
Die revue, senior– en juniorkoor tree op 25 Augustus 2011 saam met Jakkie Louw in die Pretoria Stadsaal op. Die kaartjies kos R48.00 elk en is beskikbaar by Elize in die kantoor.

KASKAR:
Die kaskarwedren vind op 14 Oktober 2011 plaas. Leerders het reeds hul kaskarvorms ontvang waarmee hulle kan woeker. Soos in die verlede gaan daar weer groot pryse wees wat gewen kan word.

MATHEMAGICS:
Hierdie maatskappy is vandag aan ons skool bekend gestel. Ons stuur aan u 'n vorm met meer inligting. Vul asseblief die skeurstrokie in en stuur terug na die skool voor 2 September 2011.

BAIE GELUK:
Baie geluk aan Ina Burger, ons finansiële dame, wat Sondag 21 Augustus 2011, verjaar. Ons wens haar 'n baie geseënde en gelukkige jaar toe.

Vriendelike groete

……

R. LUDICK
PRINSIPAAL

Punte van belang:

Departementele besoek

Herregistrasie

Skoolgeld

Landloopliga

Ope dag

Sopskenkings

Bobby van Jaarsveld

Stadsaaloptrede

Kaskar

Mathemagics